NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 13
5 Mei 2022

# Lewenslesse uit ’n kuspatrollie

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Ek het dr Christo Pretorius se artikel “Tweewielspore” in *Die Hervormer* van April 2022 met groot belangstelling gelees. Miskien omdat ek self ’n bergfietsryer is en al vele wedervaringe op die gruispaaie van ons land beleef het.**

In 2018, toe ’n vyfjarige dogtertjie baie naby aan ons met leukemie gediagnoseer is, het ek en ’n mede-pensioenaris, George Hamilton, besluit om ’n fietstoer te onderneem om geld in te samel vir haar mediese onkoste. Ons het die projek *Kuspatrollie Elleny* (haar naam) gedoop, en van Kaappunt tot in George gery. Die doelwit was om so ver moontlik die teerpaaie te vermy en so naby moontlik aan die kus te bly. Die totale afstand wat ons in nege dae gery het, was 662 km, met 5 458 m vertikale klim.

Dit was ’n wonderlike ervaring – iets wat ons later as ’n pelgrimstog beskryf het. Ons is gekonfronteer met stormsterk winde van voor, verskeie taai bulte, hitte en reën, maar elke aand as ons om ons vuurtjie sit en in ons tweemantentjies kruip vir die nag se rus, was dit met ’n gevoel van tevredenheid en diepe dankbaarheid.

Benewens die pragtige natuurskoon waardeur ons gery het, is ons diep getref deur die welwillendheid en meelewing van die mense langs die pad. Weldoeners was daar baie en wildvreemde mense het vriende geraak. En deurentyd het ons die seënende hand van God ervaar.

Aan die einde van die toer het mense my gevra wat ek op die toer geleer het. Gedagtig aan die ure op die pad, en die stryd wat Elleny in haar klein lyfie voer en die emosionele wipwaentjierit van haar ouers en familie, het ek die volgende sewe lewenslesse geformuleer:

1. Die opdraande is nooit so erg as wat dit van ver af lyk nie. Soos wat jy nader kom aan die steilte, plat hy geleidelik af en raak hy meer hanteerbaar. Jy moet dus net begin en nie vooraf ontmoedig word deur die grootsheid van die uitdaging nie.
2. Soms dink ’n mens jy het die eindpunt of die piek bereik, maar dan is jy nog nie daar nie. Agter dit wat na die hoogste piek gelyk het, is daar soms nog ’n opdraande… en nog een.
3. Dit neem soms langer as wat jy gedink het om die eindpunt te bereik. Daar gebeur dinge wat jy nie kon voorsien nie.
4. ’n Onbeplande ompad bring jou soms by pragtige bestemmings wat jy nie verwag het nie en wat jou asem wegslaan.
5. Wanneer dit swaar gaan en jy veg teen die elemente, moenie toelaat dat die skoonheid rondom jou ongesiens verbygaan nie.
6. Toets eers die oppervlak (veral as jy op die strand of ruwe terrein ry). Dit is nie altyd soos wat dit lyk nie.
7. Moet nooit die vindingrykheid en vasberadenheid van die miskruier en die skilpad (die geringstes) onderskat nie. Hulle bereik hul bestemming.

Daar is ook ’n agtste reël, maar jy moet hom nie te ernstig opneem nie:

8. Moet nooit op ’n Saterdag ry nie, die kopwind is verskriklik.

Sedertdien het daar nog twee kuspatrollies plaasgevind: in 2019 van George tot by Port Alfred (586 km) en in 2020 van Kaapstad tot by Alexanderbaai aan die Namibiese grens (860 km). Die 2021-toer wat vanaf Port Alfred deur die Transkei tot in Durban sou plaasvind, is afgelas omdat die ondersteuningsvoertuig op pad daarheen gebreek het. Die doelwit bly steeds om die volle kuslyn tot by Kosibaai aan die Mosambiekgrens in twee volgende skofte te ry.

*** Lees dr Christo Pretorius se artikel ***hier***.

**Ds Pieter Oberholzer, emeritus NG Weermagkapelaan**

## Lief en leed



Ds Jan de Wet

- Dr AC (Carel) Botma van Bothaville se moeder, **mev Poppie Botma** (83), is Saterdagoggend 30 April oorlede na haar stryd met kanker. Dr Botma sal die roudiens waarneem op Dinsdag 10 Mei om 11:00 in die NGK Moedergemeente Bothaville. Ons bid die familie die Heer se bystand toe in hierdie hartseer tyd.

- Emerituspredikant **ds JMJ (Jan) de Wet** is steeds ernstig siek met kanker. Ons bid hom en sy vrou, Zelma, baie sterkte toe.

- **Mev EH (Elmie) Oosthuizen**, vrou van ds SJ (Sarel) Oosthuizen van Stilfontein-Wes, het 'n ernstige beroerte gehad. Ons bid haar spoedige beterskap toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 Mei, en word hartlik geluk gewens:**
    - Donderdag 5 Mei: Drr JP (Johan) Bester (59) (Pretoria Noorderlig), H (Hein) Delport (44) (Swartkop) en EB (Ernest) Marran (61) (Losberg)
    - Maandag 9 Mei: Ds L (Leon) Geel (60) (Grimbeekpark)
    - Dinsdag 10 Mei: Di FH (Frans) Ras (55) (Nigel), SJ (Fanie) Swanepoel (91) (emeritus) en GJW (Gert) van der Merwe (74) (emeritus)
    - Woensdag 11 Mei: Dr JC (Christo) van der Merwe (73) (emeritus) en ds G (Guilliaume) Rocher (52) (Balfour/Heidelberg)
    - Vrydag 13 Mei: Prof E (Ernest) van Eck (62) (UP), drr GC (Gerhard) Lindeque (61) (Bybelgenootskap) en JJ (Koos) Prinsloo (76) (emeritus)

## Gemeentes en bediening



Ds Marius Bacon

- **Ds M (Marius) Bacon** (emeritus) het die beroep na Rust der Winter (deeltyds) aanvaar. Hy word op 15 Mei daar bevestig.

- **Ds Yvette Scholtz** is op 1 Mei in Gemeente Magaliesmoot georden en as predikant bevestig. **Op die foto** van links na regs is ds David Barnard, dr Johan Bester, ds Yvette Scholtz, dr Sanrie de Beer en ds Stephen de Beer tydens die geleentheid.



- **Gemeente Randburg word 75 jaar oud.** Twee Hervormde gemeentes in Randburg, Louis Brandt Fontainebleau en Noordrand, het in 1947 ontstaan, en in 1964 het die twee gemeentes saamgesmelt, 'n naamsverandering ondergaan en amptelik Gemeente Randburg geword. Die Hervormde Kerk in Randburg bestaan dus vir die afgelope 75 jaar. Die vreugdevolle verjaardag word met **drie geleenthede** gevier. **Nataniël en die pianis Charl du Plessis** het lidmate op Woensdag 20 April met hul talent getrakteer. 'n **Feesbasaar** word aangebied op **Saterdag 7 Mei**, waar verskeie kosprodukte soos pannekoek, kerrie-en-rys, sosatierolletjies, boereworsrolletjies, ensovoorts, te koop sal wees. Heerlike boeresport wat deur die loop van die oggend aangebied word, asook 'n teetuin, is nog hoogtepunte om na uit te sien. U word hartlik uitgenooi om van 09:00 tot 13:00 op die Kerkplein saam te kom kuier. Vir navrae kan die gemeentekantoor gekontak word by 011 789 4983. Op **Sondag 8 Mei** bereik Feesjaar 75 'n hoogtepunt met die viering van die **Heilige Nagmaal om 09:00**, waarna 'n vingerete geniet word in die kerksaal. Alle oudpredikante, oudgemeentelede en belangstellendes kan dit bywoon.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Kuruman-kombinasie.** Die gemeente wag aansoeke in van gelegitimeerde predikante van die NHKA.

  **Gemeenteprofiel:** Die Kuruman-kombinasie bestaan uit gemeentes Kathu, Postmasburg en Kuruman.

  **Posbeskrywing:** Voltydse werkruimte met voldoening aan alle vereistes van die amp soos

in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal, met inagneming van die skale (1 tot 7 jaar) volgens riglyne van die Kerkorde, onderhandel word. Huisvesting is onderhandelbaar. ’n Pastorie is wel beskikbaar.

**Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

**Aansoeke: Die sluitingsdatum is 12 Mei 2022.** Aansoeke word gestuur aan oudl CH Schmulling (**buna@vodamail.co.za**).

**Vrywaring:** Die kerkraad behou hom die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie en die pos weer te adverteer.

**Navrae:** Vir enige navrae, kontak oudl CH Schmulling (Buna) by 082 463 8367.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Groot Marico.** Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die NHKA in die traktementskaal 4-6 jaar word ingewag vir die vul van die vakante werkruimte te Groot Marico, ring van Zeerust.

  **Gemeenteprofiel:** Groot Marico is ’n plattelandse gemeente sedert 1923. Die grootste deel van die gemeente is ’n boerderygemeenskap. Die gemeente het ’n bestaande funksionele kerkgebou, saal, kategeselokale en ’n netjiese pastorie, ongeveer 2 km vanaf die kerk op ’n plaas. Die ledetal is ongeveer 262, waarvan 42 nie-belydend is. 100 van hierdie lidmate is pensioenarisse. Die naaste skole is ongeveer 40 km vanaf Groot Marico.

  **Gemeente se verwagtinge:** Die suksesvolle kandidaat sal die gemeente lei en steun in die uitvoering van die gemeente se visie *Saam vorentoe in geloof*, deur onder andere deurleefde Woordverkondiging, deur die gemeente en die gemeenskap te motiveer om as een liggaam te funksioneer, met pastorale versorging van lidmate, deur die kerkraad te lei in die uitvoer van die gevestigde bedieningsplan vir die gemeente, deur sinvolle kategese en jeugprogramme aan te bied, fondsinsamelingsprojekte te ondersteun en die betrokke komitees aan te spoor tot sukses.

  **Versorgingsvoordele:** Die versorgingsvoordele behels volle versorging en ’n totale-koste-tot-gemeente-pakket in lyn met kerkskale, na gelang van ervaring.

  **Aansoeke:** Indien u wil aansoek doen, stuur ’n volledige curriculum vitae, vergesel van ’n brief waarin gemotiveer word waarom u uself as geskik beskou, per e-pos na die onderstaande adres. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Mei 2022**. Stuur aansoeke na **bloekomsrus@vodamail.co.za**. Vir navrae, kontak die skriba, Ria Pretorius, by 082 944 0210.

  **Vrywaring:** Die kerkraad behou die reg voor om ’n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het vir die vul van die werkruimte nie.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Seestergemeente Brackenhurst.** Die gemeente beskik vanaf 1 Mei 2022 oor ’n voltydse werkruimte vir ’n predikant. Seester Brackenhurst is ’n voorstedelike gemeente en omvat die woonbuurte Brackenhurst, Brackendal, Brackendowns, Meyersdal, Mayberrypark en Albertsdal. Daar is tans 482 lidmate, waarvan 372 belydend is.

  Aansoeke moet vergesel wees van ’n volledige CV en ’n persoonlike profiel. Die kerkraad behou die reg voor om die kortlys vir onderhoude na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot. Gekeurde aansoekers sal ná die sluitingsdatum genooi word vir onderhoude. Die kerkraad behou die reg voor om, indien daar geen geskikte kandidate is nie, weer die pos te adverteer.

  Die vergoeding is volgens die Kerk se riglyne, en ’n gedetailleerde pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

  **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Mei 2022.** Stuur asseblief u aansoek aan mev Nadia Oosthuizen by **nhkbrack@ananzi.co.za**. Navrae kan gerig word aan oudl Gerhard van Niekerk by 082 461 2428.

- **Gemeente Newlands (Johannesburg)** beskik oor ’n **vakante orrelistepos** en is op soek na die dienste van ’n dinamiese orrelis. Die gemeente se orrel is ’n uitstekende instrument – om die orrel in aksie te sien, volg gerus hierdie skakel: **https://www.facebook.com/NHKNewlands123/videos/297136898270144**

  Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste, sal ook van die persoon verwag word om ’n wesenlike impak en ’n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. VONKK-liedere is baie geliefd in die gemeente.

  Aansoeke, vergesel van ’n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, Paul Jansen, by **newlandsgemeente.skriba@gmail.com**.

## Vergaderings

- Donderdag 5 Mei: ADV Finkom
- Vrydag 6 Mei: Oudit- en Risikokomitee
- Donderdag 12 Mei: ADV Dagbestuur
- Vrydag 13 Mei: TOIBO Ledevergadering

## Kerklike publikasies




- In die **Mei 2022-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **prof Ernest van Eck** oor vrede. As kinders van God moet ons ons te alle tye beywer vir vrede. **Dr Sanrie de Beer** vra dat die Kerk opnuut moet besin oor kinders se deelname aan die Nagmaal. Sy het ook die oordenking geskryf, en vra daarin: Waar is die Hemel? **Dr Thinus van Staden** deel met ons van sy pragfoto’s wat hy as ’n dankgebed benader. **Dr Daan van Wyk (jr)** vra dat ons mooi moet dink hoe ons op begrafnisse getuig van ons geliefdes – moet ons al hul goeie eienskappe besing, of eerder praat oor hul navolging van Christus? **Ds C Johann de Bruin**, kurator van die SP Engelbrechtmuseum, vertel verder van die dapper Catharina Pretorius. Ons berig oor die afsterwe van emerituspredikant ds Nico Brayshaw en drie predikanteweduwees. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.




- In die **2022 Herfs-uitgawe van *Vroueflitse*** gaan die NHSV voort met twee opbouende artikels oor ouerskapbetrokkenheid en geestesgesondheid. **Ds Janine Bevolo-Manders** gee raad aan ouers in *Hoop vir stukkende ouers* aan die hand van die Bybelse verhaal van *Die verlore seun*. Hoekom raak party kinders, wie se ouers naby die Here lewe, die pad byster? Dié wat ons die seerste maak, is seker die naaste aan ons. Jy weet nie of jou kinders hul lewens in orde gaan kry nie. Hulle het jou diep seergemaak. Hulle het jou waardes belaglik gemaak en jou raad verwerp en teen jou gesag gerebelleer. Jy voel verneder, jy neem die blaam op jouself. Jy is kwaad en jy wonder: *Hoekom?* **Mev Mari-lizé Beukes** vertel in *Interessante idees vir jou daaglikse staproetine* hoe kreatiewe veranderinge ’n positiewe impak op jou fisiese en geestesgesondheid kan hê. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **NWU Fakulteit Teologie: Jeugbediening**
  **Vrydag 13 Mei**
  14:00-15:00 Lesing deur prof Malan Nel
  15:15-16:15 Bespreking
  Navrae: **hannelie.yates@nwu.ac.za**

- **Die Dameskring** is 'n Christelike organisasie wat die belangrikheid van **kerngesonde gesinne** verstaan. Die beste manier om te begin bou aan gesonde gesinne, is op ons knieë. Daarom het hulle in 2019 die **Nasionale Biddag vir Gesinne** uitgeroep. Dit is 'n nasionale projek en word op verskillende maniere benader. Hulle vra dat ons op **15 Mei** sal kniel vir ons eie gesinne, vir die herstel van gesinswaardes, en vir gebroke gesinne, en dat daar heling sal kom. Besoek **www.dameskring.co.za** vir meer inligting, of kontak Ilze Lammers by 087 379 7265.



## Drie-dag-kursus om CRM-begeleier te word

### Kweek veerkragtigheid in 'n getraumatiseerde gemeenskap

- Die *Community Resiliency Model* (CRM)
- Dr Barbara Wade
- 23-25 Mei 2022, R1 000 per persoon
- Lokaal sal aangekondig word

Maar 'n takkie sal spruit uit die stomp van Isai,
en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra (Jes 11: 1)

- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor 'n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in 'n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

  Join Zoom Meeting
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  Meeting ID: 942 768 9935
  Passcode: SGB

  Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.

## Staan u dikwels voor 'n getraumatiseerde lidmaat en wens u weet hoe om werklik van hulp te wees?

Kom woon 'n TIR-werkwinkel (*Traumatic Incident Reduction*) by
en leer iets van Jesaja 50:4 –
*Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik*
*sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat.*
*Elke môre laat Hy my opnuut weer luister...*

**Datum:** 6-9 Junie 2022
**Plek:** Pretoria
**Koste:** R5 000

YVONNE RETIEF

Besoek **yvonneretief.weebly.com** of kontak Yvonne by **retief.yvonne@gmail.com**

## ’n Gedig

**kringloop**

sy het nie aan ’n sluipende dood gedink
toe sy haar kinders grootgemaak het nie
die dood was ver soos sluiers reën

met soms ’n rammeling en spataarflits
agter die horison van ’n volgende eeu
sy het nie aan ’n sluipende dood gedink nie

want daar was telge om te voed
die vrede was groen, die huis ’n troos
die dood was ver soos sluiers reën

daar was ’n stoet van grootouers
daar was ma en pa, ’n oom en niggie
sy het nie aan ’n sluipende dood gedink nie

toe het almal in ’n marmerwolk
verdwyn, maar sy het steeds vermoed
die dood was ver soos sluiers reën

weerlig begin ’n langarmdans, rammel
net duskant haar huis en verlig haar vrees:
sy het nie aan ’n sluipende dood gedink nie

die dood was ver soos sluiers reën

**Marlise Joubert**
(Uit: *grondwater*, 2019)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Randburg: Feesbasaar**
  **Saterdag 7 Mei 09:00-13:00 op die Kerkplein**
  Pannekoek, kerrie-en-rys, sosatierolletjies, boereworsrolletjies...
  Boeresport deur die loop van die oggend
  Teetuin
  Navrae: Gemeentekantoor 011 789 4983

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Pretoria**
  **Dinsdag 23 Augustus**
  Silver Lakes Country Club
  Borge en inskrywings: Annelle Flanagan 064 437 5997
  **info@rata.org.za**

## Allegaartjie

“Ná my ma se dood raas ek met mense. Jy kry net een ma, en ek het my ma nooit genoeg waardeer terwyl sy hier was nie, want jy dink jy het nog baie tyd. Daarom wou ek met dié boek (*Dit proe soos huis*, 2019) vir ander ma’s ook dankie sê en mense herinner hoe waardevol ’n ma is.” (Herman Lensing, in *Huisgenoot*, 5 Mei 2022)

- **VAKATURE: Sekretaresse by Rata Maatskaplike Dienste in Capital Park.** Rata in Pretoria lewer hoofsaaklik kinderbeskermingsdienste, is betrokke by gemeenskapsprojekte, en gee materiële bystand aan die mees weerlose mense in ons gemeenskap.

  **Minimumvereistes:** Geldige bestuurslisensie. Minimum van twee jaar ervaring in ’n administratiewe rol wat kleinkas, tikwerk en ’n hoë vlak van verbale en geskrewe kommunikasie insluit in beide Afrikaans en Engels, om ons personeel en kliënte te ondersteun. Rekenaarvaardigheid in Excel, MSWord en Outlook, en die vermoë om ’n interne kliëntebasisprogram aan te leer.

  **Verdere vereistes:** Die vaardighede om onder druk te werk; kalm te bly in moeilike situasies; te beplan en organiseer; statistieke te verwerk en akkurate verslae te lewer; inisiatief te neem en probleme op te los; en te werk in ’n omgewing wat streng vertroulikheid vereis.

  Voltooi aansoekvorm by **www.rata.org.za/careers**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 18 Mei 2022.**

- **Bejaardesorg.** Geen groot byeenkomste word vir vanjaar vir **Tooi Turkoois** beplan nie. **Die veldtog loop van 15 Mei tot 15 Junie.** Die ADV fokus vanjaar op die **Word Warm-projek** en die **opleiding van tuisversorgers**. Bring items wat die winterkoue vir ’n ouer persoon sal verdryf, op 15 Mei kerk toe vir uitdeel op 18 Mei in die gemeenskap of by ’n bejaardesorgsentrum. *’n Belangrike beginsel is dat ons mense se menswaardigheid wil erken, en nie net ons oorskiet- en weggooiklere gaan aflaai nie. ’n Goeie maatstaf is* **of jy dit self sou dra of eet**. *Ons gee dit immers in die eerste plek as ’n genadegawe aan God – die Ou Testamentiese beginsel van die eerstelinge uit jou kudde, die beste wat jy het.* Die ADV het ook die beginsel aanvaar om ringe en gemeentes te versoek om ’n **persoon te stuur vir opleiding of om ’n persoon te borg** wat die opleiding wil ondergaan. Benewens die feit dat die ADV so die gehalte van ons ouer persone se versorging wil verbeter in ons gemeentes en gemeenskappe, help hulle ook met werkskepping. Die **ring van Pretoria** het reeds aangedui dat hulle ’n persoon sal stuur vir opleiding.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**<br>**Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**<br>Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer<br>Verblyf met 3 etes ingesluit<br>Verblyf sonder versorging R1 700 per maand<br>24-uur-versorging onderhandelbaar<br>(maksimum R8 000 per maand deelkamer)<br>Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089<br>**navrae@athalia.co.za**<br>**www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in ’n gevestigde, boomryke area met ’n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamer-geriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen

R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.



## Gebed vir die gesin

Vader,
dankie vir elkeen van my kinders.
Heer, U ken hul harte.
U ken hul sterkpunte,
hul swakhede,
en elke klein besonderheid van hul lewens.
Heer, ek bid dat U hulle nader aan U sal bring.
Wys hulle wie U is.
Laat hulle besef hoe nodig hulle U het.
Neem hul harte in besit,
en vul hulle met u Gees.
Ek bid dat hulle u teenwoordigheid
bo alles sal verkies,
dat hulle soggens, wanneer hulle wakker word,
en saans, wanneer hulle tot rus kom,
aan U sal dink
en U in hul harte sal koester –
dat hulle U sal sien
oral waar hulle gaan,
en in alles wat hulle doen.
In Jesus se Naam.
Amen.

flourishingtoday.com
(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk